# DIE HEILIGE GEES SAL BY JULLE (ONS) BLY

Joh 14:15-31

Fanie was ’n visserman van beroep. Op ’n jong ouderdom was hy alreeds die skipper van ’n groot vissersboot. Fanie vertel hoedat sy boot onlangs in ’n geweldige groot storm beskadig is. Die bemanning was verskrik. Hulle het hul lewens gewaag om kabels tydens die storm oor die stuurkajuit te gooi om dit aan die dek vas te bind. Hulle het gedink die storm gaan die stuurkajuit afruk.
Die vissersboot het begin lek terwyl hulle stadig begin aansukkel het hawe toe. Hoe nader hulle gekom het, hoe hewiger het die storm gewoed. Twintig kilometer van die hawe af het die bemanning gedink die vaartuig gaan uitmekaar breek. Die boot het vinniger begin lek as wat hulle die water kon uitpomp. Die wind en golwe het hulle so rondgeslinger dat hulle bang was om in die skeepsruim te bly om te pomp. Verder was hy nie seker of iemand hulle noodoproepe oor die skeepsradio kon hoor nie. En as iemand kon hoor, sou niemand kon help nie.
Meteens het daar ’n baie groot vissersboot tussen die reën en mis opgedoem. Al wat die boot kon doen, was om skuins agter hulle te vaar, op so ’n manier dat die boot die ergste wind en golwe kon afkeer. Fanie se boot was in die windskaduwee van die groter boot. Terwyl hulle aansukkel hawe toe, het die groter boot heeltyd skuins agter hulle gebly, tussen hulle en die ergste geweld van die storm. Op dié manier het die storm hulle nie meer so rondgeslinger nie, kon hulle helderder dink, ’n paar van die lekplekke verseël, beter beheer oor die pompe neem en was hulle rustiger omdat hulle nie alleen was nie.
**Deur langs hulle te vaar, het die boot hulle gered**. Fanie-hulle het die hawe lewendig en behoue gehaal.

1. HY IS ONS VOORSPRAAK

Die Here Jesus is besig om sy dissipels op sy weggaan voor te berei. Ons vier Donderdag Sy Hemelvaart, maar vir die dissipels het dit toe nog voorgelê. Die gedagte aan Sy weggaan moes vir hulle **ontstellend, selfs vreesaanjaend** gewees het. Dit moes vir hulle gevoel het soos kinders wat skielik *wees gelaat* word. Hoe kon Hy hulle daarop voorberei? Hoe kon Hy hulle gerus stel met meer as goedkoop trooswoordjies?
*“Julle moet nie ontsteld wees nie…”* sê Hy vir hulle.
*“Ja, Jesus, maar dis makliker gesê as gedaan!”*
Dalk is dit hoedat sommige van **u vandag voel** of die afgelope tyd gevoel het: <u>ontsteld!</u> Baie mense is onlangs hewig ontstel deur ‘n SMS wat die rondte gedoen het dat blankes op Vryheidsdag uitgemoor gaan word. Daar gebeur gedurig goed wat ‘n mens kan ontstel. Dit is dan goed om te weet dat jy **nie alleen** is nie. Kinders wat snags nagmerries kry of vreemde geluide hoor, gaan kruip om dieselfde rede in by hul ma.
**Jesus belowe** in vers 18 : *“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie.”* ‘n Paar verse later beloof Hy dat die Vader in sy Naam **die Voorspraak** na hulle sal stuur. *“Voorspraak”?*
Die Grieks daarvoor is **Parakletos**. *Para* = langs; *kletos (kalein* = roep, praat). Letterlik:.
<u>Iemand wat geroep is om langs jou te staan, jou by te staan, om jou te help.</u>
Die Vader stuur die Parakleet as ons <u>Help</u>er. **Wie is Hy?**
Hy is niemand minder nie as die **Heilige Gees**: (lees :16, 17a). Die **Heilige Gees** kom vaar as’t ware langs ons soos daardie boot in die storm.
Die **Heilige Gees** is ‘n **Helper**. Hy is self ook **God**. Hy is ‘n **goddelike Helper**! Ons sien hier die **Goddelike Drie-eenheid in aksie**: Die <u>Seun</u> beloof dat die <u>Vader</u> die <u>Heilige Gees</u> in sy Naam sal stuur. Dit is een en dieselfde God, maar drie Persone, elkeen met ‘n eie spesifieke

rol: Die Vader is ons Skepper en Onderhouer, die Seun ons Verlosser en die Heilige Gees ons Helper.
Hy help ons o.a. deur ons ***te leer en te herinner*** aan wat Jesus gesê het (:26). Hy **wys weg** van Homself af *na Jesus* toe. **Flitslig**: Wanneer ‘n flitslig in die donker skyn, dan kyk jy nie na die flitslig nie, maar na waar die lig val. Die Heilige Gees trek nie aandag na Homself nie. Hy laat die lig **op Jesus** val. Hy help ons om te verstaan wie Jesus was en wat Hy kom doen het – soos Jesus se belangrike uitspraak in **vers 6** *(lees).*
Hy plaas **ons lewe** ook in die kollig en laat ons ons sonde sien: *"En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde …"* (16:8) Hy verwyder die k*atarakte* van ons oë sodat ons helder kan sien. ("I once was blind, but now I see" – Saulus).
Jesus het vir ons **God se liefdeshart** kom wys: *"God het die wêreld so liefgehad dar Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie velore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*" (Joh 3:16). Wanneer die Heilige Gees ‘n mens help, *hoor* jy nie net hierdie woorde nie, maar OMHELS jy dit, GLO jy dit, lees jy jou eie naam daarin en kry jy sekerheid oor jou redding. So ontvang jy die ewige lewe, ‘n nuwe lewe, word jy as't ware **opnuut gebore** danksy die Heilige Gees. Hierdie geboorte is **noodsaaklik,** soos wat in Joh 3 staan: *"Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie…. As iemand nie uit water en gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie."* (:3, 5)
**Die Heilige Gees is ons Helper in nood.** Hy help ons in die heel eerste plek om ons **grootste nood** naamlik dat ons verlore is vanweë ons sonde, te besef en om deur die geloof in Jesus Christus daarvan verlos te word. Hy leer en herinner ons dat ons dan *nie weeskinders* is nie, maar God se kinders; dat ons *nie alleen* is nie, maar dat God elke tree saam met ons loop. Hy herinner ons dat Jesus geleer het dat as iemand Hom liefhet, sal hy/sy sy woorde *ter harte neem en sy opdragte uitvoer* (:21, 23).
Aan die begin van hierdie evangelie volgens Johannes lees ons dat die Woord mens geword het en onder ons kom **woon** het (1:14). Daardie woord vir woon beteken om *tent op te slaan*. Jesus se koms aarde toe was net tydelik soos wanneer jy iewers in ‘n tent kampeer. Met die koms van die Heilige Gees is dit anders. Jesus belowe in vers 16: *"Ek sal die Vader vra en Hy sal julle ‘n ander Voorspraak stuur om VIR EWIG by julle te wees, naamlik die gees van die waarheid.*" – vir ewig. As iemand dus vandag sou wonder **waar is die Heilige Gees**, waar is God? Dan is die antwoord: BY ONS – soos wat Hy destyds by die dissipels was. As die wolke donker saampak, is dit moeilik om Hom te sien. Maar Hy vaar saam met ons in die storm!
Kom ons **vat saam** wat ons tot dusver aangaande die Heilige Gees verneem het: Hy is die derde Persoon van die goddelike Drie-eenheid – Hy is **‘n Persoon** en self ook **God**. Die Vader het Hom gestuur as ons **Voorspraak** of **Helper**. Hy vestig die aandag **op Jesus**. Hy skenk ons **die geloof** wat nodig is om gered te word. Hy maak ons **kinders van God** en begelei ons om soos kinders van God *te lewe*. **Hy druk** ons hemelse Vader se *stempel* op ons af. Hy laat die *appel* nie ver van die boom afval nie; maak ons *aartjies* na ons Vaartjie! Gaan lees maar weer die beskrywing van die *vrug van die Gees* in Gal 5:22,23.

2. DAAROM KAN ONS VREDE Hê

Jesus het hierdie gesprek oor sy weggaan met sy dissipels **begin** deur vir hulle te sê hulle moenie *ontsteld* wees nie. Nou belowe Hy hulle: *"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle."* (:27) Hierdie vrede is ‘n produk daarvan dat hulle nou verseker is dat God **omgee** en dat Hy sy kinders nooit aan hulleself sal oorlaat nie. Dit is ‘n vrede omdat hulle ‘n ewige **Voorspraak**, ‘n Parakletos, ‘n "Langsaanloper", ‘n goddelike Helper aan hulle sy het. Dis ‘n kalmte wat spruit uit **‘n vaste geloof** in Jesus en die woorde wat Hy verkondig het. Hierdie Woord is vir hulle ‘n **anker** in die rowwe see. Dit is die shalom wat volg uit die

**herstel van gebroke verhoudings** met God en mens. Jesus het gekom as ***Heiland, Heelmaker, Heler*** van wat stukkend en siek was.
**Hy het nie gekom en al die storms laat bedaar nie**. In Hfstk 16 waarsku Hy: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."* (:33) Die vrede wat Hy gee, is meermale 'n vrede *te midde van* die storm.
Daardie storm kan **hoe hewig** wees, dan kan die kind van God nog steeds **getroos sing**:
*"My enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort. Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop – dis my anker, my vaste hoop. Ek behoort aan die Here. Niks sal my ooit van Hom kan skei. Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop - dis my anker, my vaste hoop."* (Lied 292)
Met die vrede van Jesus in my hart kan selfs die **wêreld maar vergaan**!

3. ONS IS DRAERS VAN DIE BOODSKAP

**Ken jy die vrede?** Of word jy ook deur elke hoë brander ontstel?
**Ken jou kinders dit?** Watter groter sekuriteit is daar vir hierdie lewe en die lewe hierna!
**Leef ons hierdie vrede uit?** Het ons nie 'n **belangrike boodskap** vir die wêreld nie? Behoort dit nie juis deel van ons **getuienis** in onstuimige tye te wees nie?
As gemeente en as kerk behoort ons nie net 'n **<u>plek</u> van vrede** te wees nie, maar ook **<u>draers</u> van vrede**. Draers van die **boodskap van Christus** aan sy dissipels voor sy Hemelvaart: Moenie ontsteld wees nie … glo in God … glo in Christus, die Weg … glo die Heilige Gees het gekom om vir ewig by God se kinders te wees … volg Sy leiding - en die vrede van Christus wat alle verstand te bowe gaan, sal julle deel wees, nou en tot in ewigheid!
Amen.

STILTE

GEBED

LIED 292:1,2 My enigste troos